ENKELMOEDERS - KEN JULLE REGTE

WETTIGE VOOG

As jy nie met die vader van jou kind getroud is nie, is jy die wettige voog van jou kind (dit beteken dat jy besluite kan neem namens jou kind).

As jy nog nie 21 jaar oud is nie, kan die hof besluit dat jou eie voog ook die voog van jou kind is. Die hof mag ook besluit om 'n ander persoon wat die belange van jou kind op die hart dra, haar/sy voog te maak.

As jy 21 jaar oud word, is jy outomaties jou kind se voog.

Niemand, selfs nie die vader van jou kind nie, mag jou kind sonder jou toestemming wegneem nie. As iemand dit doen, is dit 'n kriminele oortreding wat met 'n boete of tronkstraf strafbaar is.

Die polisie of 'n beampte van die hof sal jou help om jou kind te kry, as jy hulle om hulp vra.

VAN

Gewoonlik kry jou kind jou eie van. As jy verkies dat jou kind die vader se van kry, moet hy sy toestemming gee en self die kind gaan registreer. As jy jou kind se van wil verander, moet jy dit doen voordat sy/hy 21 jaar oud is.

TOEGANG

Dit handel oor die reg om die kind te besoek. Die hof kan aan die vader die reg toestaan om die kind te besoek. As dit egter nie in die belang van jou kind is nie, sal die hof dit nie toestaan nie.

ONDERHOUD

Dit is die geld wat die vader van jou kind vir jou moet gee om jou te help met die versorging van die kind. Die vader is aanspreeklik vir onderhoud van die kind vanaf haar/sy geboorte, d.w.s jy kan onderhoud eis vir vroeëre jare, asook wanneer die vader nalaat om die onderhoud te betaal.

Onderhoud moet ook betaal word om die onkostes van die hospitaal te dek, en om jou as moeder te ondersteun in die tyd na die geboorte wanneer jy nie kan werk nie. Die bedrag word uit=

gewerk volgens altwee ouers se verdienste.

Die onderhoudbeampte van die hof bepaal die bedrag. As die vader nie onderhoud betaal nie, kan hy met 'n boete of tronkstraf gestraf word. Die hof kan ook bepaal dat die werkgewer van die vader die onderhoud direk van sy salaris moet aftrek sodat die geld aan jou betaal kan word.

VADERSKAP BEWYS

As die vader sê dat hy nie die vader van jou kind is nie, en jy kan bewys dat jy op enige tyd voor die geboorte van die kind 'n seksuele verhouding met hom gehad het, moet hy bewys dat hy nie die vader van die kind is nie. Hy kan dit doen deur te bewys dat hy impotent of steriel is, OF deur te bewys dat hy nie 'n seksuele verhouding met jou gehad het toe jy swanger geword het nie. Die man kan ook deur 'n bloedtoests bewys dat hy nie die vader van jou kind is nie. Al het jy ook 'n seksuele verhouding met ander mans gehad, is dit nie genoeg bewys dat hy nie die vader van jou kind is nie.